

# Woensdag 18 Augustus

Skrifgedeelte: Job 25

Fokusgedeelte: Job 25:5, 6

## **Jou klein liggie verdof voor God se heiligheid**

In die gesprekke tussen Job en sy drie vriende het Job deurgaans aan sy onskuld vasgehou. Oor en oor het die vriende dit genoem dat Job al die swaarkry beleef omdat hy gesondig het. Job wou dit nooit erken nie. In hoofstuk 23 bely hy weer eens sy onskuld. In vers 10 sê hy dat hy in sy innerlike so suiwer soos goud is, en in vers 11 sê hy dat hy met sy leefwyse op God se pad hou.

Bildad, een van Job se vriende, het fyn geluister. Hy reageer in hoofstuk 25 en hy wys op God se lig (vs 3) en hoe ons in daardie liggloed lyk. Met lig bedoel hy God se heldere, verblindende, sondelose heiligheid. Voor hierdie heiligheid is selfs die maan se lig nie helder genoeg nie en die sterre nie blink genoeg nie (vs 5). Ja, voor die heiligheid van God verdof al die miljoene sonne van die heelal en al die grootse gasontploffings wat deur die ruimtes ruk. Job, hoe kan jy dan op jou liggie trots wees, al dink jy dit skyn so blink soos goud? Hoe kan jy jou voor God ooit op jou onskuld beroem (vs 4)? Teenoor die heilige God is jy as mensekind maar net 'n blote wurm, 'n kleine ruspe!

So staan ons met ons sondigheid voor God. Selfs ons allerbeste menswees en optrede is met sondes beplek. Ook ons is in onself voor die heilige God maar net 'n wurm. Maar eenmaal het daar op die trappe van die tempel 'n tollenaar soos 'n wurm met sy sondebeseft gelê (Luk. 18). Oor hom, sê Jesus, dat sy verhouding met God reg is, omdat hy met sy berou en in geloof na God om genade opgekyk het. En aan 'n kruis is daar 'n misdadiger wat smeek: Dink aan my, Here. En Jesus het hom van sy sondeskuld vrygespreek. So voel ons baie maal met al ons sondestrukeling, soos 'n wurm! Glo in Jesus as jou enigste Verlosser en jy sal gered word. Deur geloof in Hom is jy nie 'n wurm nie, maar 'n kind van God.

*Sing: Psalm 38-1:1*

*Dr. SJ van der Walt (Kobus) (Emeritus)*